# VOORGESKREWE GEDIGTE – AFRIKAANS GRAAD 2

**OUMA**
Ek hou daarvan om saam ouma te loop.
Haar treë is kort soos myne.
Sy sê nie: "Loop vinniger!" nie en
sy vat altyd haar tyd.

Ek hou daarvan om saam ouma te loop.
Haar oë sien soos myne.
Die klein klippies in die pad, 'n mooi wolk
Of dou druppels op die blare raak.

Die meeste mense loop vinnig.
Hulle stop glad nie om te kyk.
Ek is so bly die Here het my ouma gemaak.
Stadig en jonk soos ek!
**ONBEKEND**

**MY POPPIE**
My klein poppie
voel so siek.
Sy het regte
popverdriet.
Sies tog, kleinding,
Wat makeer?
Is jou maagie
dalkies seer?
Toe maar, toe maar,
moenie huil nie,
Mamma sal jou
nooit verruil nie.
Sit maar net hirt op my skoot,
dan word kindjie
sommer groot.
**Susan Kotzé**